# Musiek Vir Die Jeug

Deur JOHANNES JOUBERT

NOU gaan ons verder en ons let 'n bietjie op Josquin des Prés se tydgenote. Die bekendstes onder hulle was Pierre de la Rue, koorsanger in die kapel van die Hertog van Bourgondië; Antoine Brumel, wat in diens was aan die hof van Ferrara; Gaspar van Weerbecke, wat 'n amp beklee het in die kapel van Sforga in Milaan; Matthäus Pipelare, Jean Ghiselin, en Layset Compire. Al hierdie name het baie gedoen wat die musiekkuns bevorder en verryk het hoewel nie in dieselfde hoë mate as Josquin des Prés nie.

Josquin des Prés se leerlinge het heinde en ver rondgereis en die evangelie van hul meester as 't ware die wêreld ingedra. 'n Paar van die vernaamstes onder hulle was: Jean Mouton, sanger-komponis vir Lodewyk XI en Frans I en, net soos Josquin des Prés, kanon van St. Quentin; Eliazar Genet, ook bekend as Carpentrasso, die aristokraatkerkman van Avignon wat ook dirigent was van die Sikstynse Kapel in Rome; Antoine de Fevin en Francois de Layolle wat die ongerieflike (!) eer gehad het om musiekles te gee aan Cellini, die beroemde beeldhouer en dekorateur-goudsmid, ens.

Al hierdie mense het geleidelik teësin laat blyk teen die voorgenoemde „meganiese vernuftighede" van Des Prés, en die latere komponiste het nog sterker afkeer geopenbaar. Daarvoor kan ons maar dankbaar wees want hulle het baie gehelp om die pad na ware, suiwere kuns skoon te maak.

Van hierdie tydstip af het die musiekkuns baie veranderinge ondergaan. Heelwat betreurenswaardige buitensporighede het plaasgevind wat menige toonkunstenaar op 'n dwaalspoor gebring het en in plaas van by verhewe skoonheid het hulle by uiterste lelikheid beland. Inderwaarheid kan gesê word dat die pad wat hulle gevolg het, sonder twyfel heeltemal verkeerd was. As mens die voortbrengsels van hierdie tyd nader beskou, dan vra jy jouself af of hulle hierdie musiek werklik as musiek beskou het. Tog was ook hierdie periode van groot nut. Sulke stadiums vind mens in die groei van elke kuns, en dit is deur sulke probeerskote en ondervindings heen dat die musikale insig uiteindelik helder en logies word en 'n beter standaard bereik word.

Die regstreekse gevolge van die afdwalery is verhelp deur die ongewyde kant van die kuns, deur die gesonde samewerking en invloed van die volk — m.a.w. die invloed van die volkslied. Daarby het die gewyde musiek self 'n soort geestelike suiwering deurgemaak, wat teen dié tyd ookal baie nodig was, en die gevolg was dat die stroom wat voorheen nog maar baie troebel was, steeds helderder geword het, die onsuiwerhede is al hoe meer verwyder, totdat eindelik die stroom van die Goue Eeu in die musiek kristalhelder en klaar gevloei het.

Nou-ja, ek hoop dat julle hierdie studie van die ontwikkeling van musiek sonder te veel inspanning kon volg! Dit was seker 'n bietjie moeilik, hoewel ek probeer het om dit so eenvoudig as moontlik te hou. As julle darem reggekry het om my met belangstelling te volg, sal julle tog hiervandaan die reis deur die musiekgeskiedenis baie interessant bevind. Ons moet nou nl. begin met na te gaan hoe die musiek van die nuwe of moderne tyd ontwikkel het.

Vir my is dit altyd baie mooi om te snuffel in die ontstaan- en ontwikkelingsgeskiedenis van 'n saak wat die moeite werd is. Des te meer as daardie groeiproses ook die groei van die menslike verstand weerkaats. En ons kan daar nog byvoeg: die groei van die *siel* want musiek lewe seker net so veel (so nie nog meer nie!) in die siel as in die verstand.

Vanuit 'n geskiedkundige oogpunt is die tydperk wat ons nou deurgewerk het, vol allerhande soort ontwikkelings. Toe Josquin des Prés nog sommer jonk was, is die geslag van die Medici's onder die vorstelike families van Europa gevestig. Dit het verreikende gevolge gehad, want hierdie familie het met erns en toewyding wetenskap en kuns bevorder net so ver as wat dit in hul vermoë was. Onder hierdie invloed het daar 'n ontwaking in die letterkunde gekom, handskrifte en kunswerke is in versamelings byeengebring, en kunstenaars is aangemoedig om werke voort te bring. En ek twyfel daar nie aan nie dat die musiek ook 'n stootjie vorentoe gekry het.

Europa was maar steeds in die benoudheid van die een of ander hervorming of omwenteling. Daar was gedurig oorlog, jaloesie tussen verskillende stede het gruwelike despotisme en bloedvergieting meegebring. Dit was maar 'n aanhoudende stryd om mag; heersers het opgekom en weer geval. Tog het onder dit alles die musiek betekenisvolle vooruitgang gemaak en is die grondslag gelê waarop vandag die grootste gebou staan van die heerlikste van alle kunste goeie musiek — die kuns wat die mens by uitnemendheid bekoor nie alleen omdat dit die oor streel nie, maar ook omdat dit die vermoë het om die verlede en die hele wêreld in 'n skone towerland om te skep, diepte en glans verleen aan die geringste alledaagse gebeurtenisse.


Die tydperk wat ons nou behandel het, kan na waarheid die „Geboorte van die Renaissance" genoem word— die tydperk van besliste ontbinding van die ou orde en geleidelike vorming van die fondament vir 'n nuwe orde. Dit sou 'n droë opsomming word as ons al die gebeurtenisse uit dié tyd moes opnoem; dit sou lyk of 'n verhaal vol ingewikkelde gebeurtenisse waarin tog geen kern skyn te wees nie.

Wel is dit nie oninteressant nie om te bedink dat dit tog in hierdie tyd was dat Bartolomeus Dias die Kaap die Goede Hoop omgeseil het, en Christoforus Columbus die Nuwe Wêreld ontdek het!

Tot siens!

---

## 'N VERRASSING



*Maats, as julle hierdie tekening waarvan die hokkies en vakke genommer is, op die volgende wyse inkleur, sal daar 'n oulike prentjie te voorskyn kom. Al die vakkies wat met 1 genommer is, maak julle blou. Die hokkies met die syfer 2 word groen gekleur. Die syfers 3 word rooi gemaak, onderwyl die orige syfers 4 geel moet word.*

---

*Door de duisenden verloor'nen*
*aangebeden nog vermoedt,*
*God, dien enkel u verkoor'nen*
*loven voor het hoogste goed:*
*Door de kleurgebroken bogen*
*van de tranen die Gij zondt,*
*werden ziende weer mijn oogen,*
*als in nieuwen morgenstond . . . .*

(P. C. Boutens in „Vergeten Liedjies." Ingestuur deur R. Molenhoff, Johannesburg.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012